Ghanese prediker se onwaarskynlike middestadvennoot

Danie Mouton

Ek knip my oë 'n paar keer vinnig. Die helder sonlig van 'n windstil Sondagmôre in die sentrale stadsgebied veroorsaak dat hulle 'n rukkie vat om gewoond te raak aan die binnekant van die NG Kerk PE-Sentraal se kerksaal.

Sowaar, ek het reg gesien! Dit lyk hier of jy pas in Ghana of Nigerië aangeland het. Byna 100 mense, almal Wes-Afrikane, sing Christelike lofliedere en aanbid die Here met oorgawe. Die leraar is ook een van hulle, byna almal in tipiese Wes-Afrika kleredrag, met kenmerkende voorkoms en liggaamsbou. Daar is 'n Afrika-ritme in hulle liedere. En as die prediker met die Woordverkondiging begin, voel jy die entoesiasme en opwinding in die luisteraars pols.

Geroep uit Ghana

Dié buitengewone toneel het 'n ewe besondere aanloop. Dit begin by die pastoor van 'n lewendige gemeente in Ghana, Robert Bagna, wat in April 2001 na ons land gereis het om 'n wêreld-sendingkonferensie in Uitenhage by te woon.

"Waarom wou jy regtig Suid-Afrika toe kom?" vra ek terwyl ons vroeër in die week gesellig rondom koffie kuier. Robert lag. "Mense wantrou my op hierdie punt. Ek weet net ek moes kom, die begeerte om deel te wees van God se werk, om te leer oor die uitbreiding van sy koninkryk, was geweldig sterk. Ek was gedring. Ek wou leer en sien hoe kerke hier sending doen."

Tydens die konferensie, wat vanaf 17 April 2001 by *Open Doors Ministries* in Uitenhage aangebied is, ontmoet Bagna 'n bejaarde wit man wat 'n beslissende rol in sy lewe gespeel het. Dié man het hom genooi om 'n paar dae by hom aan huis te kom oorbly. In dié tyd ontmoet hy plaaslike Ghanese in Port Elizabeth. Hulle dring dadelik by hom aan: "Ons soek iemand om ons geestelik te bedien."

Dit word 'n moeilike besluit. Geld en lewensmiddele is daar nie. Weer 'n keer maak Bagna 'n belangrike kontak, die keer met 'n Amerikaanse sendeling in die Motherwell-woonbuurt. *Pastor Ka* neem hom onder sy vlerk en lei Bagna in kerkplanting op.

Verknorsing in die PE-middestad

In hierdie tyd raak 'n vriend se motor waarin Bgna 'n passasier is onklaar in die sentrale stadsgebied van PE. Dis 'n onveilige area, daar is talle dwelmsmokkelaars en die tipiese verval wat kenmerkend is van baie sentrale stadsgebiede.

Terwyl hulle radeloos langs die motor staan, hou 'n jong witman en -vrou langs hulle stil om te help. Die twee Samaritane help die uitlanders uit hulle verknorsing.

Só kruis Bagna se pad met die jong egpaar, *Beukes* en *Tracy*. "Ek het so 'n passie vir die evangelie, dat ek net daar vir Beukes en Tracy vra of ek hulle kan kom besoek. Wonder bo wonder stem hulle in. Hulle was natuurlik baie verbaas toe ek wél op die bestemde tyd opdaag," vertel Robert met 'n glinster in sy oë. "Maar dit was nog niks. Dink jou die verbasing in toe ek lostrek en die evangelie aan hulle bring. En dink aan my verbasing toe hulle net daar en dan die Here aanneem!"

Kerkplanting met ses wittes

Die vriendskap groei – met Robert wat toenemend 'n geestelike mentor vir sy nuutgevonde vriende word. Veral Tracy was vreeslik leergierig, onthou hy. Op 'n dag sê sy: "Robert, waarom begin jy nie vir ons 'n kerk nie? Daar is nog twee egpare wat belang stel."

So begin die jeugdige, ongetroude Robert Bagna sy

eerste gemeente met ses blanke lidmate in Port Elizabeth.

"Het jy gedink mens kan 'n gemeente begin met tagtig Rand in jou sak?" vra Bagna terwyl die kelner nog koffie bedien. "Teen dié tyd was ek byna ses maande in die land, en het ondersteuning dringend nodig gehad. Benewens die ses lidmate se steun, moes ek dringend 'n inkomste begin verdien."

Weer maak 'n kontak, hierdie keer met behulp van die eienaar van 'n sakeonderneming in PE-Sentraal, 'n deur oop. Bagna bestuur 'n baie basiese gastehuis en verdien 'n volle R1 000 per maand, 'n prinslike bedrag vir 'n platsak immigrant uit Wes-Afrika.

NG Kerk PE-Sentraal – 'n onwaarskynlike vennoot

Die gastehuis word die lanseerpunt van die bediening. Ghanese sluit aan. Die erediens word vinnig te groot vir die eetvertrek. 'n Paar ongemaklike verhuisings volg, totdat Robert die kerksaal van PE-Sentraal raaksien.

"Ek het vreeslike goed van die *Dutch Reformed* mense gehoor," knipoog Robert terwyl hy aan sy ete smul, "maar skraap tog die moed bymekaar om met die dominee, Gillie Noeth, kontak te maak."

Robert Bana

Die kerkraad stel sowaar die saal tot die uitheemse gemeente se beskikking.

"Dit bly steeds merkwaardig hoedat blankes alles te doene het met die beslissende momente in my bediening," dink hy hardop na. "Miskien is die NG Kerk die mees onwaarskynlike vennoot."

Dit was nie maklik om eredienste in die NG Kerksaal te begin hou nie. Die saal staan in 'n stil, rustige deel van PE-Sentraal waar daar nog baie konserwatiewe blankes woon.

"Veral aan die begin was hulle baie besorg en vyandiggesind teenoor ons groepie pikswart Wes-Afrikane wat hulle woongebied Sondagoggende binnegeval het. "En ons hou van harde, lewendige musiek. Daar was bitsige telefoonoproepe, gevoelens van bedreigdheid en dreigemente om van ons ontslae te raak. Die kerkraad moes baie druk verduur, en regtig deur moeilike tye lojaal aan ons bly – anders was ons sekerlik uitgeskop!" roep Bagna dié tyd in herinnering.

"Deesdae gaan dit beter, maar ons moet moeite doen om ons musiek sag te speel en onsself in te hou – anders weet ek die saal gaan in die slag bly."

Gesamentlike aksent op die Bybel oorkom gemeenskapsdruk

"Was julle dus die voorwerpe van rassisme?" vra ek onbeholpe.

"Ek dink so," sê Bagna, "want daar is ook kuier- en drinkplekke in die omgewing waar dit lekker lawaaierig kan raak, maar niemand maak daarteen beswaar nie. Ons moes leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir die gemeenskap se vrese. Ons moes leer verstaan wat dit beteken om in Rome soos die Romeine te maak. Ons moes ons eie program, optrede en behoeftes temper om nie die gramskap van die gemeenskap onnodig oor ons te haal nie.

"Ons byeenkomste op weeksaande hou vroeër op as aan die begin, ons is sagter as wat ons graag wil wees, ons doen moeite om aanvaarbaar te wees. Dit gaan ongetwyfeld ná die eerste jaar van stryd sommer baie beter."

"Wat het dit vir die NG Kerk moontlik gemaak om by julle te staan ten spyte van die groot gemeenskapsdruk?" wonder ek hardop.

Die antwoord kom vinnig: "'n Gemeenskaplike aksent op die Bybel en die belangrikheid van Bybelse lering. Ons is 'n *big Bible teaching church,* 'n besliste keuse en sentrale waarde, en ons deel dit met die NG Kerk.

"Ons kon al 'n baie groter gemeente gewees het as ek die mense voorspoed beloof het en net bloot met genesings en wonderwerke gewerk het. Maar ons loop die moeiliker en langsame pad van Bybelse dissipelskap. Ons leer mense wat dit beteken om verander te word deurdat jy Jesus volg en sy karakter aanneem."

Die wonder van medewerkers oor grense heen

"Watter raad sal jy vir 'n jong kerkplanter gee wat in 'n vreemde land 'n gemeente op die been wil bring?"

Hy dink 'n oomblik na. "Drie dinge: Wees eerstens baie seker van jou roeping. Tweedens: jy moet bereid wees om jou aan gesag te onderwerp – die gesag van die Here en die gesag van die uiteindelike leierskap van die kerk wat jy wil stig. Jy moet nederig wees. Jy moet bid.

"En laastens: Wees op die uitkyk vir die geestelike medewerkers wat die Here oor jou pad stuur – al kom hulle uit groepe en agtergronde wat jy nooit sou kon voorsien nie."

Ek dink aan ons koffietafelgesprek terwyl ek die erediens in die kerksaal bywoon. Ek dink aan die wonder van medewerkers wat God oor grense heen oprig om sy koninkryk te laat kom. Ek verstaan hoekom gasvryheid teenoor die vreemdeling so belangrik is.

Soos die erediens vorder, groei dankbaarheid in my vir die gesindheid van die NG Gemeente PE-Sentraal.

● *Danie Mouton is 'n predikant in die NG Gemeente PE Hoogland in Port Elizabeth. Hy is onlangs aangestel as Direkteur Begeleiding van die Sinode van Oos-Kaapland. Skryf gerus in vir sy gereelde* eNuus *by skriba@ngkok.org vir Oos-Kaaplandse nuus en vars teologiese perspektiewe.*